GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (S.A.)
SDK
CHARTERED ACCOUNTANTS (S.A.)
Practice No.: 902047A
VAT No.: 4080211180

JEA Engelbrecht
DJ Smit
HM Smit

Kerkstraat 22B Church Street
DURBANVILLE • 7550
Posbus / P.O. Box 1304
DURBANVILLE • 7551

Tel: +27 21 970 4600
Faks / Fax: +27 21 975 6780
E-Pos / E-Mail: info@sdkca.co.za
Webblad / Website: www.sdkca.co.za

NUUSBRIEF NEWSLETTER

Nommer / Number **3** van / of **2008**

The Competent Director

In the last few years, there has been a move by the regulating authorities to make directors more accountable and by doing so hopefully avoid the collapse of companies that have marred the market place. These changes have arrived in the form of corporate governance rules that detail the ways in which the board should be managed, whether prescribed, or as fundamental principles that should be applied.

This is all well and good and having rules restricts the possible actions of the directors, but how to know if the director appointed to the board is competent?

The assessment of directors should be approached with respect and an open mind rather than with awe and deference.

Remember that director competence and board performance are interrelated. The competencies possessed by individual directors should complement the qualities and attributes of colleagues and improve the operating dynamics of the boardroom team, while the effectiveness of a board can be enhanced or constrained by the strengths or limitations of particular members.

Directors' attributes and qualities that should be identified are:

- Personal integrity, wisdom, authority, judgement, leadership, courage, independence, a positive outlook, tact and diplomacy
- Awareness of the business environment and of what constitutes value to customers
- A sense of accountability to stakeholders and a willingness to put responsibility to the company above self interest
- Vision and a strategic perspective that embraces the totality of a company's operations, situation and context
- Business acumen and sound commercial judgement
- Knowledge of the role of the board, the legal duties and responsibilities of directors, relevant legal and financial issues, and applicable codes of practice and listing and governance requirements
- Understanding of the structure and operation of the board, effective boardroom practice, and boardroom matters such as the succession, assessment and remuneration of directors
- Skills in such areas as decision making and teamwork in a boardroom context, strategy determination, formulating and achieving objectives, organising and motivating people, delegating and monitoring of performance
- Experience of relevance to the particular corporate context, and
- Ethical awareness and sensitivity to the attitudes and values of others.

These attributes are a fundamental part of what makes a good director, but remember that directors are not perfect. We are all only human, but directors should have self-awareness. They should know their own weaknesses and a good director should allow for his/her deficiencies to be compensated for by the strengths of other members of the board.

Remember: "A chain is only as strong as its weakest link!"

Die Begrotingsrede – Deel 2

Soos in die vorige nuusbrief genoem, kyk ons vandeesmaand na die veranderinge in die korporatiewe belastingsarena. Die Minister van Finansies het in vanjaar se begrotingsrede nie van maatskappye vergeet nie en 'n paar baie positiewe veranderinge aangebring.

Maatskappybelastingkoerse

Eerstens is die korporatiewe belastingkoers tot 28% verlaag. Daar is aangedui dat dit 'n poging is om die koste van kapitaal te verminder en verhoogde openbaresektor-investering aan te moedig.

Daar is ook aangedui dat privaat passiewe maatskappye nou teen 'n uniforme koers van 40% belas sal word. Dit is gedoen om belastingweerhouding uit te skakel. 'n Voorbeeld van 'n privaat passiewe maatskappy, is 'n maatskappy wat slegs beleggings hou en wat slegs dividend- of rente-inkomste ontvang het. 'n Ander voorbeeld is 'n maatskappy wat 'n eiendom het wat aan 'n verwante party verhuur word en dus slegs huurinkomste van hierdie enkele eiendom ontvang.

SBM-hervorming

In die 2007-begrotingsrede is aangekondig dat sekondêre belasting op maatskappye (wat gehef word teen 12,5% van dividende verklaar) vervang sal word met 'n weerhoubelasting (gehef teen 10%). Die verandering maak die belasting prakties 'n aandeelhouersbelasting in plaas van 'n maatskappybelasting soos dit in die verlede was.

Op 1 Oktober 2007 het SARS die SBM-koers van 12,5% na 10% verander, maar dit is steeds as SBM beskou. Die weerhoubelastingbepalings is nog nie in werking gestel nie. In die huidige begrotingsrede het die Minister die tweede fase van die dividendbelastinghervorming en die omskepping van SBM in dividendbelasting aangekondig.

Wat is die gevolge van hierdie hervorming?

- Uiteindelik sal die aandeelhouer die belastinglas dra, waar dit voorheen as 'n maatskappybelasting beskou is. Maar die onus rus steeds op die maatskappy om die belasting namens hul aandeelhouers te weerhou, soortgelyk aan LBS vir werknemers. Dieselfde tydraamwerk is gegee vir die betaling van hierdie weerhoubelasting as wat die geval was vir SBM, d.w.s. teen die einde van die maand wat volg op die maand waarin die verklaring gedoen is.
- **Belangrik:** SBM-krediete sal bloot verval by die omskepping in weerhoubelasting. Daar word dus aanbeveel dat maatskappye hierdie krediete gebruik lank voor die omskepping gaan plaasvind om die voordeel van hierdie krediete te benut.

Ondersteuning vir klein tot mediumgroot ondernemings

Die regering het oor die laaste paar jaar aktief probeer om die belastinglas op klein tot medium groot ondernemings te verlig. Die Minister het verdere vereenvoudiging voorgestel deur die papierwerk vir inkomstebelasting en BTW te verminder.

Daar is voorgestel dat:

- die drempel vir verpligte registrasie vir BTW verhoog word van R300 000 tot R1 000 000.
- 'n vereenvoudige omsetgebaseerde belastingstelsel gebruik word vir maatskappye wat 'n omset van minder as R1 000 000 per jaar het. Die voorgestelde belastingkoerse wissel volgens 'n progressiewe skaal van 0% vir 'n omset onder R100 000 tot 7.5% vir 'n omset bo R750 000. Die maksimum belasting betaalbaar kragtens hierdie stelsel sal dus R44 500 wees op 'n omset van R1 000 000. Hierdie stelsel sal gekies kan word en sodra 'n maatskappy van die omsetgebaseerde stelsel wegbeweeg het, sal dit nie daarheen kan terugkeer nie.
- ***(Dit is belangrik om daarop te let dat die huidige BTW drempel steeds R300 000 is en dat die verhoogde drempel eers van toepassing sal word wanneer die nuwe omsetgebaseerde belastingstelsel geïmplementeer word.)***

Bogenoemde is die belangrikste veranderinge wat ten opsigte van maatskappybelasting gemaak is, en die hoop is dat dit u in die toekoms sal help in u poging om u belastingsake effektief te struktureer vir 2009.

BTW – Algemene foute wat ondernemers maak

SARS het onlangs 'n lys vrygestel van die mees algemene foute wat ondernemers op hul BTW-opgawes maak. Hieronder is 'n lys van die foute en verduidelikings van die probleme:

- Belasting word verkeerdelik nie op skadeloosstellingsbetalings kragtens 'n versekeringskontrak gehef nie.
  - BTW word op die betaling van korttermynversekering gehef. 'n Ondernemer is dus daarop geregtig om die maandelikse paaiement as 'n inset te eis. Wanneer die ondernemer dan 'n eis ontvang vir skade wat gely is, moet die inkomste wat van die versekeraar ontvang is, as 'n uitset verklaar word.
  - Slegs langtermynversekeringspolisse is van BTW vrygestel, aangesien dit beskou word as die voorsiening van finansiële dienste.
- Belasting word nie gehef op goedere wat vir eie gebruik geneem word nie.
  - Wanneer goedere vir die persoonlike gebruik van 'n werknemer of direkteur geneem word, word dit as 'n lewering beskou en derhalwe is dit aan BTW onderhewig. Die uitset op die transaksie moet in rekening gebring word selfs al het geen geld van hande verwissel nie.
- BTW word nie op byvoordele gehef nie.
  - Byvoordele word as 'n lewering beskou. 'n Direkteur verkry byvoorbeeld die gebruik van 'n motorvoertuig vir persoonlike doeleindes. Dit word beskou dat die maatskappy 'n motorvoertuig gelewer het en moet dus die resulterende uitset-BTW in rekening gebring word.
- Belasting word nie gehef op bates wat verkoop of ingeruil is nie.
  - All goedere en dienste wat verskaf word, word as lewerings beskou, selfs al is dit van 'n kapitale aard.
- Bewys van uitvoer is nie verkry waar die nulkoers op die uitgevoerde goedere toegepas is nie.
  - Goedere en dienste word verskaf teen 'n koers van 0%. Bewys dat die goedere aan 'n persoon in 'n uitvoerland verskaf is, moet gelewer word soos vereis deur SARS.
- Insetbelastingaftrekkings word geëis sonder dat die ondernemer in besit is van 'n geldige belastingfaktuur.
  - Ondernemers benodig 'n GELDIGE faktuur om die BTW-inset te kan eis. 'n Geldige belastingfaktuur het die volgende eienskappe:
    - Die woord "Belastingfaktuur" moet duidelik aangedui word
    - Naam en adres van die verskaffer
    - BTW-nommer van die verskaffer
    - Naam en adres van die klant
    - BTW-nommer van die klant
    - Belastingfaktuurnommer
    - Datum van die belastingfaktuur
    - Akkurate beskrywing van die goedere/dienste verskaf
    - Hoeveelheid/volume van goedere/dienste verskaf
    - Verkoopsprys en BTW
- Insetbelasting word geëis op goedere en dienste wat vir vermaakdoeleindes verkry is, waar die ondernemer nie daarop geregtig is om sodanige aftrekking te maak nie.
  - Slegs ondernemers wat vermaak en goedere met betrekking tot vermaak verskaf, kan die insette op uitgawes eis. VERMAAK kan nie andersins geëis word nie.
- Inset word geëis op die aankoop of huur van 'n motorvoertuig, stasiewa, kombi of dubbelkajuitvoertuig.
  - BTW-inset kan nie geëis word op "Motorvoertuig" soos deur die wet gedefinieer nie.
- Insetbelasting word nie geëis op die kontantwaarde van goedere wat ingevolge 'n afbetalingsverkoopooreenkoms gekoop is nie, maar eerder op die maandelikse paaiemente.
  - BTW-inset kan op die aanvanklike transaksie geëis word, maar nie op die paaiemente wat op 'n maandelikse basis betaal word nie, selfs al verhaal die verkoper sy BTW-uitset deur die paaiemente.
- Insetbelastingaftrekkings word geëis op intekenings op sosiale, sport- of ontspanningsklubs, rugby- of teaterkaartjies.
  - BTW kan slegs geëis word indien die uitgawe verband hou met die lewering van belasbare goedere en dienste. Intekenings op bedryfsverwante tydskrifte sal dus aftrekbaar wees.
- Inset-BTW word dikwels nie afgetrek vir betalings wat per debietorder plaasvind nie.
  - Voorbeeld: Inbraakalarmhuur
- Ondernemers eis veronderstelde insetbelastingaftrekkings vir tweedehandse goedere wat aangekoop is, maar hou nie volledige rekords van die aankoop nie.
- Aanpassings word nie gemaak vir debiet- of kredietnotas of afslag wat verskaffers vir stiptelike betaling gee nie.

Bogenoemde is algemene foute wat deur rekenmeesters en boekhouers gemaak word en is deur SARS as algemene foute geïdentifiseer. ProBeta bied tans 'n kursus aan vir boekhouers en junior ouditklerke wat die meer fundamentele beginsels van die BTW-wet dek. Indien u graag meer wil weet oor die BTW-stelsel en die BTW-wet en in hierdie kursus belangstel, kontak asseblief vir Lynette by lynette@probeta.co.za of skakel ons by (011) 886-1395 en praat met een van ons konsultante.

The cost of incompetency!

Moving towards the middle of the year, we find ourselves in a situation where we are adapting to load shedding (or lack thereof – who knows?) and slowly accepting the massive disaster that was thrust upon us as a nation. In true South African style, we have accepted the ridiculous situation and carried on with our lives. The problem created as a result of this fiasco is however more far reaching than the Government and Eskom are willing to admit.

South Africa has over the past number of years, since the end of apartheid, encouraged incredible foreign investment in the country. These individuals and companies have chosen South Africa as an investment opportunity, and for the past few years, these investments have paid off. Unfortunately the Eskom crisis could not have happened at a worse time. The global economy is entering a possible recession and in view of this, we had the opportunity to really flourish, but instead we forced restrictions on the output of our business community. This could in turn lead to the withdrawal of funds from this country.

This paints a gloomy picture but is it really that serious? To illustrate the point, let's compare our crisis with the taxes that the British Government wants to charge the rich "non-domiciled" in the UK.

The government has proposed to impose a £30,000 tax on foreigners who try to keep their foreign earnings out of the UK tax net. This has reportedly resulted in about a third of these people planning to sell their property and high tail out of the UK.

What is the potential cost of this move for the UK? It is estimated that wealthy foreigners in the UK invest approximately £75bn - £125bn yearly and further contribute an approximate £7.16bn a year to revenue. The tax authorities in the UK have been very short sighted as, instead of generating revenue, they are costing the country valuable jobs, investments, etc.

The Society of Trust and Estate Practitioners (STEP), estimates that these so-called super rich, pay in the region of 54 times more tax than the average UK taxpayer, and by eliminating them from the net, will cause a major under-funding of public services. It is quite incredible to note that 1 in 6 of the UK taxpayers that earn over £1million is non-domiciled.

If the UK (a first world, established economy) can lose £125bn in investment a year due to an unforeseen tax, what potential losses can we look forward to? What will happen to South Africa if the likes of Volkswagen or Toyota decide to close up shop because it is easier and more profitable to operate in India or China? We could potentially be sitting on the precipice of financial disaster and, in the mean time, our Government and service providers are quite literally leaving us in the dark, with regards to their future plans.

Some of the information in this newsletter was published in the Tax Bulletin *and* Labour Bulletin *which are brought to you by Fleet Street Publications (Pty) Ltd. If you would like more information about the Tax/Labour Bulletin or Practical Handbooks please visit www.fsp.co.za, email rachel@fsp.co.za or call (011) 699 6545.*

Kantoornuus

Elke jaar gedurende die winter skool/universiteitsvakansie, bied SDK aan studente van verskeie opleidingssentra die geleentheid om by die firma vakansiewerk te verrig en meer te leer hoe 'n ouditeursfirma werk.

In ons strewe om ons personeel te ondersteun en bloot te stel aan voortdurende professionele opleiding, het 'n groot gedeelte van die personeel die FASSET – "Compliance with changes in legislation" kursus en FASSET – "2008 Budget & Tax" kursus bygewoon. 'n Prokureurs trustoudit kursus asook 'n SARS werkswinkel is gedurende Junie deur van die personeel bygewoon.